

29 Junie

1 Korintiërs 11:17-34

(Teks: Heidelbergse Kategismus S 30, V/A 81)

Wie moet na die tafel van die Here kom?

Die Heidelbergse Kategismus is 'n troosboek en 'n leerboek gerig aan almal wat Jesus Christus as Here en Verlosser bely. Al lerend vertrou die Kategismus almal wat Jesus Christus as hulle enigste troos in lewe en in sterwe bely.

En so wil Sondag 30, vraag en antwoord 81, ons leer maar tegelyk ook troos. Die troos van vraag en antwoord 81 is opgesluit in die leer.

Wat leer vraag en antwoord 81 ons?

Dat ons 'n afkeer in onself vanweë ons sondes moet hê,

Maar nie op so 'n manier dat ons nie sien dat ons sondes op grond van Jesus Christus se offer versoen is nie.

Dat daar by 'n gelowige in Jesus Christus die behoefte is om sy geloof te versterk en om sy lewe te verbeter.

Dat daar in die kerk huigelaars is wat 'n oordeel oor hulleself eet en drink.

Hoe troos vraag en antwoord 81 ons?

Deur nie te sê dat almal wat volmaak is na die Nagmaalstafel mag kom nie. Dit is sondaars wat na die Nagmaalstafel moet kom. Maar dan 'n bepaalde soort sondaar; 'n sondaar wat 'n afkeer in sy sonde het. Laasgenoemde soort sondaar "moet" na die tafel van die Here kom.

Deur te wys dat ons sondes deur die lyde en sterwe van Christus vergewe en bedek is. Vir die huigelaar is daar geen troos nie. Hy eet en drink 'n oordeel oor homself. Wanneer is iemand 'n huigelaar? Wanneer iemand voorgee dat Jesus Christus sy Verlosser is, maar in werklikheid voel hy niks vir Jesus en sy kerk nie.

Sing: Skrifberyming 8:1,2

Ds. J.L. Aucamp (Worcester)